

Maandag 8 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 4:1-12

Fokusgedeelte: Handeling 4:8, 11, 12

Vol van die Heilige Gees – standvastig in Christus se verlossing

Ons kom al hoe meer agter dat dit moeiliker raak om daarbuite oor Jesus Christus te praat. Ons kry dikwels een van twee reaksies. Iemand sal vir ons sê: “Kom ons fokus eerder meer op die Heilige Gees.” Of: “Los my uit, ek wil niks hiermee te doen hê nie.” Ons kom agter dat dit meestal by mense ’n oordrewe spiritualiteit of ’n verguising uitlok wanneer ons oor die evangelie praat.

Toe die apostels as instrumente in die Here se hand die kerk moes vestig, was die reaksie van buite vyandig. Dit was vir die wêreld daarbuite ongewild. Petrus en Johannes verrig ’n wonder by die tempel (Hand. 3:6-10). Hulle verkondig daarmee saam die evangelie. En wat sien ons in dié gedeelte? Die reaksie van die priesters, hoofman oor die tempel en die Sadduseërs – hulle is onthuts, baie ontevrede (vs 2). Baie ontevrede dat Jesus Christus en die krag van sy opstanding verkondig word.

Petrus en Johannes word vir ’n aand opgesluit en die volgende oggend voor ’n groot Raad gebring vir dit wat hulle gedoen het. En Petrus is vervul met die Heilige Gees in hierdie omstandighede. Hoe weet ons dit? Hy maak aan almal daar en dan bekend Wie Jesus Christus is. Jesus is die Hoeksteen, die belangrikste! Buiten Hom is daar geen saligheid of redding nie.

Petrus is vol van die Heilige Gees en daarom verkondig Hy Christus. Ons kan dit ook andersom sê: Hy verkondig die evangelie. Jesus Christus is sy enigste Verlosser. Petrus staan hierin vas, want hy is vol van die Heilige Gees!

Daar is net Een wat ons red. En Hy het sy Gees aan ons belowe en Hom vir ons geskenk. Wanneer Jesus Christus en sy saligheid ons fondament is, kan ons verseker wees dat die Heilige Gees in ons woon. Ons is dan selfs ook in die moeilikste en ongewildste tye soos Petrus – vol, vervul met die Heilige Gees!

Sing: Psalm 143-1:7, 8

Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)